18

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

DOEN VOORAF

- Nooi die ouers betyds na die klas toe.
- As jy wil, reël verversings vir na die klas.
- As jy wil, koop iets as prys vir die gesin wat wen.
- Dupliseer die vrae hieronder vir die vasvrakompetisie.
- Reël met 'n ouer om aan die einde van die les af te sluit.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed. Jy kan vooraf met een van die ouers reël om dit te doen.

VANDAG DOEN ONS

BEGIN SO

- Skerp die volgende in en beklemtoon dat hulle goed moet luister, want die kompetisievrae kom hieruit:

  Jesus het op 'n keer op die water na die dissipels toe geloop terwyl hulle op 'n bootjie gevaar het. Eers het hulle gedink dit is 'n spook, maar toe hulle agterkom dit is Jesus, wou Petrus ook op die water loop. Petrus het net so 'n entjie geloop, toe begin hy sink. Jesus het hom gegryp en vir hom gesê om nooit op te hou om in Hom te glo nie. Net so sal Jesus ons nooit los as iets sleg met ons gebeur het nie. Ons moet bly glo en bid, dan weet ons Jesus sal ons nie los nie.

  Jesus het apostels gestuur om die mense van Hom te gaan vertel. 'n Apostel was amper soos 'n dominee, iemand wat rondgereis het en vir die mense van die Here vertel het.

  Die apostel Paulus en sy vriend Silas is op 'n keer gevang en in die tronk gegooi. Die Here het 'n aardbewing gestuur en die tronk se deure het oopgegaan. Die tronkbewaarder het gedink Paulus-hulle het ontsnap. Hulle het nie ontsnap nie, maar vir die tronkbewaarder van Jesus vertel. Hulle het vir hom gesê: *Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word.*

In ons tyd vertel dominees ook vir mense van die Here Jesus. Ander name vir ’n dominee is predikant en herder en leraar. Dominees leer mense die regte en goeie dinge, preek, doop, bedien Nagmaal, hou Bybelstudie en gee kategese, bid vir siekes, vertroos hartseer mense en help mense as hulle probleme het. Dominees moet vas glo dat God hulle geroep het om mense van Hom te vertel. Hulle gebruik die Bybel as hulle vir mense van God vertel. Dominees studeer vir meer as ses jaar by ’n universiteit om die Bybel baie goed te leer ken.

Dominees vertel ons van baie dinge wat Jesus gedoen het. Jesus het byvoorbeeld wonderwerke gedoen. Op ’n keer was Jesus en sy dissipels in ’n boot op die see. Daar het ’n groot storm opgekom, maar Jesus was vas aan die slaap. Die dissipels het Hom wakker gemaak om hulle te help. Jesus het wakker geword, met die wind en die see gepraat en gesê hulle moet stil word. Die wind en die see het dadelik stil geword. Jesus kon dit doen, want Hy is God. Omdat Jesus God is, kan Hy ons ook help as ons bang is. Jy moet altyd met Jesus praat as jy bang is.

- Verduidelik dat elke gesin saam ’n vraestel gaan voltooi.
- Deel die vraestel uit en laat hulle begin.
- As al die kinders se ouers nie daar is nie, deel die klas in groepe in sodat daar minstens een volwassene per groep is. Jy kan ook by ’n groep inskakel om die lees- en skryfwerk te doen.
- Laat hulle die vraestelle uitruil en mekaar s’n merk. Gee die regte antwoorde hieronder.

ANTWOORDE

1 Jesus.
2 Petrus.
3 Om nooit op te hou om in Hom te glo nie.
4 Jesus sal ons nooit los as iets met ons gebeur het nie.
5 Ons moet bly glo en bid, dan weet ons Jesus sal ons nie los nie.
6 Voltooi: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.*
7 Dit was amper soos ’n dominee, iemand wat rondgereis het en vir die mense van die Here vertel het.
8 Paulus en Silas.
9 Hy en sy hele gesin het in Jesus geglo.
10 Voltooi: God sal my nooit vergeet nie, want ek is vir Hom spesiaal.
11 Voltooi: *Hulle antwoord hom: Glo in die Here Jesus en jy sal gered word.*
12 Predikant of herder of leraar.
13 Hulle leer mense die regte en goeie dinge, preek, doop, bedien Nagmaal, hou Bybelstudie en gee kategese, bid vir siekes, vertroos hartseer mense, en help mense as hulle probleme het.
14 Dominees moet vas glo dat God hulle geroep het om mense van Hom te vertel.
15 Die Bybel.
16 Vir meer as ses jaar gaan hulle universiteit toe.
17 Daar het ’n groot storm opgekom.
18 Hy het geslaap.
19 Hy het met die wind en die see gepraat en gesê hulle moet stil word.

20 Hy is God en daarom kon Hy dit doen.
21 Want Hy is God.
22 Ons kan vir Jesus vra om ons te help. (25)

AFSLUITING

- Laat een van die ouers afsluit.
- Almal gaan geniet verversings as dit so gereël is.

Belangrik:
Reël betyds iemand om volgende week se faseles aan te bied.

VASVRAKOMPETISIE

Elke antwoord tel een punt, behalwe Vraag 8 (2 punte) en Vraag 13 (3 punte).

1 Wie het op die water na die dissipels toe geloop? .....

2 Wie het uit die bootjie geklim en op die water na Jesus toe geloop? .....

3 Wat het Jesus vir Petrus gesê toe hy begin sink het? .....

.....

4 Sal Jesus ons los as iets met ons gebeur? .....

.....

5 Wat moet ons doen as iets slegs met ons gebeur? .....

.....

6 Voltooi: *Jy moet die Here jou God liefhê met* .....

.....

7 Wat is 'n apostel? .....

.....

8 Wie is die apostel en sy vriend wat in die tronk gegooi is? .....

9 Wat het met die tronkbewaarder gebeur nadat die aardbewing plaasgevind het?

.....

10 Voltooi: God sal my nooit ..... nie, want ek is vir Hom spesiaal.

11 Voltooi: *Hulle antwoord hom: Glo in die Here Jesus* .....

12 Gee 'n ander naam vir 'n dominee. .....

13 Noem drie dinge wat dominees behoort te doen. .....

.....

14 Wie het dominees geroep om hul werk te doen? .....

15 Wat gebruik dominees as hulle vir mense van God vertel? .....

16 Vir hoe lank studeer dominees om die Bybel baie goed te leer ken? .....

17 Hoekom was die dissipels so bang in die boot? .....

18 Wat het Jesus gedoen terwyl die storm opgekom het? .....

.....

19 Wat het Hy gedoen nadat Hy wakker geword het? .....

.....

20 Hoe kon Jesus dit regkry dat die storm gaan lê het? .....

.....

21 Hoekom kan Jesus ons ook help as ons bang is? .....

.....

22 Wat kan ons doen as ons bang is? .....

.....

(25)